Vol xx/xxx 01/02/2023

SAIV WEL-EN-WEË-BRIEF – FEBRUARIE 2023

Dagsê Veteraan, met hierdie Wel-en-Weë-Brief wil die SAIV veterane in kontak bring met mekaar deur kennis te neem van jul welstand en wetenswaardighede en om allerlei brokkies nuus mee te deel.

- **Belangrike Aankondiging – SAIV Nuwe President**
  - **Genl. Maj. (Aft) Gert Opperman.**

    Baie welkom Generaal, én u eggenote Ria.

- **Verjaarsdagwense** ook weer aan ongeveer 30 veterane, asook die gades wat hierdie maand verjaar. Jul verjaarsdagsteen is die Ametissteen, pers kleur [ook bekend as 'The purple Princess'] en simboliseer standvastigheid en vrede. Lees ook Eksodus 28 & 39 ivm die Priesters se klere & Openb 20 verse 18-21. Verjaarsdagblom: Viooltjie.

- **Spoedige Beterskapwense aan**
  - John Swart, Wesrandtak, sterk tuis aan na nog 'n groot voetoperasie.
  - Herman de Beer, Melksbosstrand, sterk tuis aan na 'n ernstige rugoperasie.
  - Henning Kruger, Hoëveldtak, se eggenote Santie in die hospitaal in Pretoria.
  - Joggie Boers, NUR lid, sterk tuis aan na 'n 2e operasie.
  - Pierre Potgieter, Wesrandtak, ondergaan 'n voetoperasie 3e Februarie.
  - Maggie Robinson, West Rand Branch, experience constant back pain after a fall.
  - Chris Sonnekus, Voorsitter Hoëveldtak, sterk tuis aan na 'n operasie.
  - Flip Marx van Bronberg Estate, ervaar beterskap na maande se versorging.
  - Genl. Maj. Wessel Kritzinger, Senior Lid, ondervind gesondheidsprobleme.

- **Koringkorrel** [Engels: Spiritual 'nuggets']: 'Die Here is my herder'. Al is Hy vir niemand anders 'n herder nie, is Hy dit vir my. Hy gee vir my om. Hy waak oor my, en bewaar my. [Spurgeon]

- **'n Mondvol** – "Deur twee dinge is my lewe vir my leefbaar gemaak: die liefde wat ek gegee het, en die liefde wat ek gekry het." [Langenhoven]

- **Be my Valantine (14th February)?**

- **Kontak**: Wel-en-Weë-Brief: welenwee@sainfantry.co.za

- **Naskrif** – Nuusbrokkies ontvang van Veterane.
  - Ons Hoëveld se Geskiedkundige besienswaardighede:

Inwoners, besoekers, reisigers en besigheidsmense ry daagliks deur ons dorpe hier in ons geliefde Hoëveld sonder om te besef dat ons 'n skatkis van geskiedkundige besienswaardighede in ons midde het. Die landskap besaai met mynhope, kragstasies en nywerhede help ook nie om belangstelling in ons erfenis aan te wakker nie.

Veral gebeure tydens die Anglo-Boeroorlog (1899 tot 1902) word oral in en om ons dorpies geboekstaaf in die vorm van monumente, grafstene, geboue, spoorlyne en ou paaie soos die poskoetsroete na Maputo. Plekke soos die konsentrasiekamp se begraafplaas by Balmoral of die Groot Wit Kerk in Middelburg skreeu om weer "ontdek" te word.

Volgende keer as u deur die Hoëveld reis, vertoef by een van die bakens en wees dan trots op ons erfenis.

Vir navorsingsdoeleindes stel ons voor dat u gebruik Gert en Erika van der Westhuizen se "Gids tot die Anglo-Boere Oorlog in die Oos-Transvaal" asook Tian Schutte & Peet Coetzee se "Treinvernielers". Dis voorwaar twee juweel publikasies.

Van: Chris Sonnekus, Trots op die Hoëveld [Hoëveld Tak]